# REFORMASIE EN GELOOFSGLOED.

In die jaar 1539 rig kardinaal Sadoleto 'n brief aan Genève om die stad te beweeg om terug te keer tot die Rooms-Katolieke kerk. Hierin beskryf hy die hervormers as enige onbestendige „anonyme, verbitterde mensen, die maar heen en weer gedreven worden en niet tot rust kunnen komen". Vir hierdie Roomse kardinaal is die reformatore dus niks anders nie as leë miswolke, deur die wind voortgedrewe sonder oorsprong en sonder doel. Daarmee het kardinaal Sadoleto terselfdertyd sy siening op die Reformasie self weergegee. Dit is maar 'n onbestendige, verbitterde, rustelose uitbarsting van 'n klompie waansinniges teen die Roomse kerk wat hy op tipies Roomse kerkverheerlikende wyse sien as „die éne door Christus gestichte eeuwige katholieke kerk, altijd door Gods Geest geleid, altijd oorsprong en grond van zegen".

Die vraag wat ons wil probeer beantwoord is: was Sadoleto reg? Was die leidende hervormers 'n paar onbestendige, onbesielde, verbitterde mense, moedswillige opstandelinge, rusteloos voortgedrewe miswolke?

Onder gelowiges van Protestantse oortuiging bestaan daar seker geen twyfel daaromtrent nie dat die Reformasie, soos Hegger dit noem, „Gods soewereine ingrijpen" was in die geskiedenis van sy kerk. Trouens, soos Popina dit stel in sy **Calvinistische Geschiedenisbeschouwing** is „de historie een bouwwerk Gods" waarin Hy die geskape mens as sy maaksel gebruik.

As ons dus aanvaar dat die Reformasie „Gods soevereine ingrijpen" was, werp dit 'n besondere lig op die instrumente wat God daarin gebruik het. Met Landwehr wil ons dit onderskryf: „elke reformatie begint met een reformatorische daad Gods in de ziel van hem die tot reformatie geroepen wordt. De Reformatie is niet ontstaan door een kloek besluit van een machtig denken, veel minder door den oogenblikkelijken moed van een onversaagden held, maar zij is de vrucht geweest van een zielservaring" deur God gewerk. God het dus sy instrumente gekies, hulle geroep en bekwaam tot hulle ingrypende lewenstaak wat hulle met reformatoriese geloofsgloed volbring het. God het

hulle dus eers aan Homself verbind met die band van die Geloof en die daaruit voortvloeiende vrees van die Here, en dit het hulle in die taal van Luther aangevuur om in die bek van 'n leeu te spring en sy tande uit te breek. Kragtens God die Bouheer van die geskiedenis se onberoulike verkiesing en roeping was hulle dus oortuigde kragfigure, wat in die geloof vir niks en niemand teruggedeins het nie. Waar God beslag lê op 'n mensekind is dit sy enige lewensdoel om Gods kneg te wees en sy Woord te spreek. So word God eintlik te sterk vir sy geroepene, en ontvang die geroepene as beelddraer van God deur die geloof in Christus iets van die onbeweeglikheid en rustigheid van God te midde van siedende golwe.

Dit is dan ook die beeld wat die Heilige Skrif aan ons voorhou van die lewende geloof. Dit is 'n onbedwingbare krag wat werk, wat 'n bende stormloop en wat oor 'n muur spring. Paulus noem die geloof 'n skild „waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus" (Ef. 6:16).

Johannes beskryf dit as 'n wêreldoorwinnende krag: „en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" (1 Joh. 5:4, 5).

Die Hebreërboek spreek van geloofshelde as hulle wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het" (Hebr. 11:33, 34).

Hiermee beklemtoon die Heilige Skrif die grote krag van die geloof. In Jesus Christus, aan wie die gelowige hom deur die geloof vasklem en op Wie hy hom verlaat en in Wie hy al sy heil besit, vind hy sy sterkte. Niks kan die wêreld, d.w.s., soos Johannes dit bedoel, die mensewêreld met al die sondige en bose kragte wat dit dryf, uit eie krag oorwin nie. Dog, wat niemand nog ooit kon doen nie dit doen die geloof in Jesus Christus. So werk die geloof as sieleband met Jesus Christus die Seun van God en deur Hom met die Drieënige God as 'n geweldige krag.

Paulus noem die geloof 'n skild. Deur die geloof is ons verbonde aan die Here Christus, leef ons uit Hom, besit ons in Hom ons sterkte, vertrou ons op Hom, hou ons vas aan Hom en sy Woord en kan niks ons verderf nie. 'n Skild dien slegs om pyle af te weer. Hier gaan die saak egter verder as die beeld. Die vyand skiet regstreeks en deur middel van mense pyle af op die gelowige, op die kerk en die Woord. Vurige gloeiende pyle van twyfel, laster, misleiding, verlokking. Deur die geloof in die Drieënige God en sy Woord word die pyle se verterende gloed egter geblus. Tereg noem Bavinck die geloof 'n „wondere geheimzinnige kracht".

Teen hierdie agtergrond moet die Hervormers gesien word.

Hulle het volgens menslike maatstaf nie die maklikste weg gekies nie. Die maklikste weg is gewoonlik die weg van die minste weerstand. Die maklikste

weg sou seker wees om maar vrede te hê met die magtige en beskermende Rooms-Katolieke kerk. Binne sy mure en rondom sy vleispotte sou daar geen stryd, geen kommer, geen martelaarsbloed wees nie. Maar omdat ook hulle geleef het uit die geloof en die vrees van die Here en daarom uit die roeping, was die leidende hervormers nie maar „vrede, vrede"-roepers nie, maar toonbeelde van doelgerigte en onverskrokke standvastigheid. Die vrees van die Here duld geen opportunisme nie. En, so stel Praamsma dit in sy biografie oor Calvyn: „Voor alles is Calvyn de reformator geweest van de vreze des Heren . . . . . de waarachtige godsvrucht in gebondenheid aan het Woord".

Gewortel in „de vreze des Heren", het in 'n „waarachtige godsvrucht" van dié geroepe dienskneg 'n onvermoeide energie en ywer uitgegaan om in eenvoudige gehoorsaamheid aan die Woord van God die kerk te reformeer en die beginsels van die Reformatie uit te dra. En dit het, wat Calvyn betref, by wie ons ons in hoofsaak bepaal, nie beperk gebly tot Genève nie, maar hy het met Genève as middelpunt met standvastigheid en geloofsbeslistheid sy invloed laat geld in die ander Wes-Europese lande. Die geloof ken in sy ywer en gloed geen grense nie. Om dit te bewys gee ons u 'n enkele blik op bv. die Frankryk van daardie tyd. Frankryk was besig om homself te verteer in sedelike verval en sorgeloosheid. Die howeling-geskiedskrywer van die tyd, Brantôme, beskryf die koninklike hofhouding as „'n poel van skaamteloosheid". Maar tog was dit nie alles verval en sinlikheid in Frankryk nie. En hierin het juis die groot gevaar geskuil. Die sinlikheid van die Renaissance was juis getemper met 'n Christelike vernis. In die kasteel van Fontainebleau is juis tóe 'n skildery gehang van die meester Leonardo da Vinci waarin Johannes die Doper die herout van Jesus Christus onmiskenbaar die trekke van 'n heidense Bacchus vertoon. Dit was tipies van die Frankryk van die 16e eeu. 'n Land met 'n heillose sintese tussen heidendom en Christendom. Wat is in sulke omstandighede nodig? Vasberadenheid, onverbiddelike geloofsmoed en gloed tot die laaste konsekwensie toe. Dit het Calvyn as deel van sy eie onwrikbare gees wortelend in die vrees van die Here, oorgedra aan die klein groepie Protestante in Frankryk waar die gevaar van 'n halfslagtige sintese duidelik te bespeur was. Reeds in 1537 getuig die konsekwente Calvyn hierteen in twee briewe onder die hoofgedagte „Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; en as dit Baäl is volg hom na". In 1545 verskyn weer 'n traktaat van hom waarin hy beklemtoon „dat God die hele mens vra. As God waarlik God is, verdien Hy dat jy Hom sonder aarseling dien, met jou goed, met jou eer, met jou lewe". Calvyn se vasberade en konsekwente standpunt het nie sonder vrug gebly nie. Sy geloofsgloed het ook ander aangevuur. Die Reformasie het daar diep wortel geskiet. En in die eens halfslagtige Frankryk het sommige „moedig als leeuwen" hulle lewens op die altaar gelê. As Calvyn wou skipper dan het die Frankryk van sy tyd die gulde

geleentheid daartoe gebied. Maar juis omdat hy konsekwent gehandhaaf het, het daar spoedig van die Reformasie 'n reinigende invloed uitgegaan op die breër terrein van die volkslewe. Die vasberade roepingsbewuste Calvyn se invloed in Frankryk het geblyk uit „de overgang van halfslachtigheid naar vastberadenheid, van immoraliteit naar strenge zedetucht, van verscholen Christendom naar een vast-gordend kerkelijk leven".

Soortgelyk was sy invloed in ander Wes - Europese lande. Sy onwrikbare geloofstrou en liefdesywer het inspirerend gewerk. „Door Gods genade" so het Calvyn self getuig teenoor Coornhert, in 'n stuk wat waarskynlik ook in Nederlands vertaal is, „heb ik in de practijk gebracht wat ik anderen voorhoud: en ik heb me niet in de schaduw verborgen gehouden en in veiligheid gebracht . . . . . Wat meer is, ik kan waarlijk betuigen voor God en Zijn heilige engelen, dat ik meer gewenst heb de metgezel te zijn van hen, die men vervolgt, dan te genieten van enige vreugde of eer van de wereld. Want hoewel ik van nature beschroomd ben als geen ander, heeft God mij tot zover stoutmoedig gemaakt".

Uit hierdie vasberade, doelgerigte, moedige lewenshouding van Calvyn, gewortel in 'n waaragtige godsvrug in gebondenheid aan Gods Woord alleen, het vir Calvyn 'n ander lewensbeginsel gevloei wat hy net so doelgerig in sy volle konsekwensie deurgetrek het. Die vrees van die Here, wortel van sy bestaan, het in sy uiting na buite vir hom geen grense geken nie. Die liefhê van God met geheel jou siel en al jou kragte het vir Calvyn „heel het menschenleven tot een kennen en dienen van God de Schepper en Verlosser" opgeroep, as dit moes, selfs met die graaf in die hand. Ook dít selfs, was vir Calvyn nie 'n stukkie wêreld buite die diens van God om nie. So het Calvyn die konsekwensie van sy standpunt beginselgetrou en roepingsbewus deurgetrek, selfs tot op die terrein van die handel en die ontspanning.

Geloofsdurf, en -gloed sonder onheilige kompromieë, beginselvas, met die aanvaarding van die konsekwensies van sy standpunt, dit het hierdie dienskneg van Jesus Christus in staat gestel om 'n reformasie deur te voer. Halfheid en lafheid van hart het hy nie geken nie.

Dieselfde geloofsmoed, oortuigingskrag, en reformatoriese bewoënheid het ons gevind by Luther en Zwingli. Sal ons u maar weer herinner aan daardie gevleuelde woorde van Luther waaruit dié man se onversetlikheid en onverskrokkenheid as dit gaan om die saak van die Here, duidelik spreek. As hy in 1521 voor die Ryksdag van Worms gedaag word is sy vriende bang dat hy op die brandstapel sal moet sterf. Hulle smeek hom om nie te gaan nie. Wat antwoord hierdie van God gegrepe dienskneg: „Al is die hele pad van Worms na Wittenberg een vuur waarvan die vlamme tot aan die hemel reik, sal ek in die Naam van die Here daardeur heen wandel en voor hulle verskyn; ek sal my in die kake van die groot dier begewe en sy tande uitbreek en die Here Jesus Christus bely, en al is daar in Worms net soveel duiwels as panne op

die dakke, ek sal tog daarheen gaan". Dit was geloofsdurf wat geen kompromieë geken het nie.

Wanneer ons hierdie dinge aan u voorhou wil ons daarmee geen mense verheerlik nie en wil ons niemand dwing tot gehoorsaamheid aan of navolging van 'n mens nie. Die leuse van Groen van Prinsterer wil ons hier volkome onderskryf: „Nemini me mancipari", ek het my aan niemand verpand nie. Ons is nie verpand aan Luther, of Zwingli of Calvyn nie, maar alleen aan God en sy Woord. Dit neem egter niks weg van die feit dat God hulle as instrumente gebruik het in diens van sy koninkryk en dat hulle daarom nog tot ons spreek nie.

En wat is dan nou in die lig van bogenoemde die belangrikste sprake wat van hulle uitgaan, meer in besonder van Calvyn?

Negatief kan ons dit stel dat hy geen kompromieë geken het nie. 'n Liberale gees, wat aan almal maar ja sê, was aan hom vreemd. As so 'n onbelyndheid ons beetgepak het is ons nie meer in lyn met die Reformasie nie.

Positief het hy in die gloed van die geloof teenoor die ongebondenheid en dwaling van sy tyd onverskrokke onderwerping geëis aan die tug van Gods Woord. Onverbiddelik het hy die stryd aangebind teen elke vorm van kompromie, hetsy met Rome of ander onskriftuurlike ketterye. Die uitdaging aan die adres van die Reformasie het hy en andere aanvaar, en hulle kon dit aanvaar omdat hulle geglo het in die Reformasie as die saak van God waarin hulle as instrumente gedien het. En omdat veral Calvyn, also deur die geloof geanker was in die Soewereiniteit van God, kon hy met sedelike krag, met intense toewyding, met heilige optimisme verseker van sy oorwinning, onverskrokke arbei en getuig. In geloofsgloed en geloofsdurf, as gegrepenes van God, is hulle gedwing tot beslistheid, beginselvastheid, belyndheid.

En nou, ten slotte, as gelowiges van Protestantse oortuiging vier ons vandag hier Hervormingsfees. Het dit vir ons nog 'n boodskap? Brand in ons harte die reformatoriese geloofsgloed wat gebrand het in die harte van hulle wat die koue van die 16e eeuse nag en die hitte van die 16e eeuse dag verduur het? Is ons waardige draers van die vaandel wat ons uit hulle hand ontvang het?

Aan die aandskemering van daardie vervlakkende 19e eeu het Kuyper gesê: „En nu, er is geen twijfel of ook de periode die wij thans doorleven, is religieus zeer laag gestemd en mist den heroïschen gloed". Na ongeveer 60 jaar is hierdie woorde van Kuyper miskien nog meer van toepassing. Hoe raak het hy dit gesien as 'n gemis aan „heroïschen gloed". Dit is juis wat die hervormers van die 16e eeu gehad het „heroïschen gloed".

En om nog naby aan huis te kom. In Suid-Afrika staan ons as gelowiges, as kerke, as Christelike volk voor seker die grootste uitdaging van ons geskiedenis. Die insypeling van die Kommunisme in hierdie weltoebereide akker, Afrika, met sy sommige nog heidense opgesweepte massas met hulle hoogaangeblaasde griewekompleks, en die uit-

breiding van die Rooms-Katolisisme sowel as Mohammedanisme, stel die Protestants-Christelike kerke van ons land voor 'n grootse uitdaging. Die groot vraag is: mis ons nie die „heroïschen gloed" om die uitdaging te aanvaar nie? En die Rooms-Katoliek maak gebruik van hierdie reformatoriese gemis aan „heroïschen gloed".

Die Non kom klop aan u deur om 'n vriendelike bydrae. Hoe ontvang u haar? Die Roomse gee 'n blad uit, **Die Brug,** en spreek daarin met hoë waardering van o.a. **Totius en Paul Kruger** om ons by gemis aan „heroïschen gloed" met hulle propagandalis te vang. Afrikaanse ouers, behorende tot Protestantse kerke, stuur hulle kinders na Roomse skole sonder ernstige protes en daadwerklike optrede daarteen. En moet nou net nie sê, ja maar daar is darem sinodebesluite wat dit verbied. As dit nie gehandhaaf word tot daar in die gesinsverband nie, is dit 'n dooie letter. In Protestantse huise word jy skeef aangekyk as jy dwalinge in die Roomse kerk bestraf. Hoe vergelyk dit met die geloofsgloed van bv. Luther wat in die bek van die dier ingespring het en sy tande uitgebreek het?

Maar dit geld nie net vir ons verhouding tot die Roomse nie. Dit geld ook vir ons en ons onderskeie kerke in die relativistiese tyd waarin ons leef. Die gees van die Hervorming was nie die van onheilige kompromieë nie, maar konsekwent van beginsel teenoor beginsel. Halfheid en louheid van gees, dit het hulle nie geken nie. Jammer om te sê dit is die rigting waarin die Christenheid beweeg. Ons staan nie meer in die gloed van reformatoriese bewoënheid nie, maar in die louheid van Laodicéa. Ons sal ons van binne uit met lamsakkerigheid en onheilige kompromieë verteer. Tereg vra Brillenburg Wurth: „Kan u iets noem waaraan die Christenheid van ons eeu meer behoefte het as aan hierdie dinamiek van die geloof"?

Ontsaglik is die uitdaging en kort word die tyd. Kuyper het reeds in 1898 gesê: „In Azië is het probleem der wereld begonnen, in Azië zal het zijn voleinding vinden". Hierdie vergesig neem altyd meer gestalte aan. Die heidense reus het uit sy eeueslaap wakker geword. Met die hamer en sekel van die Kommunisme op sy vyand se vaandel, wag daar vir die Christendom 'n groot stryd, 'n stryd tot die dood toe.

Mag onse God gee dat die kerke in Suid-Afrika hulle reformasie na binne, waartoe die kerk gedurig geroep word, en hulle getuienis na buite sal aandurf met reformatoriese geloofsgloed wat aandring op radikale beslistheid; want onthou, in die woorde van Kuyper „met halfheden komen we niet verder en de oppervlakkigheid staalt ons niet. Beginsel moet weer tegenover beginsel, wereldbeschouwing tegenover wereldbeschouwing, geest tegenover geest getuigen".

So moet u en ek in die gees van die Reformasie met geloofsgloed en -moed met ons Koning Jesus Christus optrek tot die stryd. Ja, en soet is die stryd vir die stryder wat weet dat in Hom die Eerste en die Laaste, die Opstanding en die Lewe, dit 'n stryd is tot oorwinning.

Uit vrye guns alleen, uit eeu'ge mede-
doë,
hef ons die hoof omhoog, weer sterk
deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag
van ons lewe;
en onse Koning is deur Israels God
gegewe.

G. C. P. VAN DER VYVER.

Bloemfontein.